Sondag **30 Januarie**

Skrifgedeelte: Psalm 119:41-48 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 119:46

“Waar die hart van vol is, loop die mond van oor”

Ek wil jou graag drie vrae vra:

- Hoe maklik praat jy met ander oor jou geloof; deel jy Wie die Here is en wat sy verlossing vir jou beteken?
- Hoeveel tyd spandeer jy aan Facebook, Netflix, televisie kyk of koerant lees teenoor of in verhouding met die hoeveelheid tyd wat jy in die Woord en gebed spandeer?
- Is daar ’n verband tussen hierdie twee sake?

Die psalmdigter se hart is vol van God se Woord. Hy sê selfs twee maal dat hy dit liefhet – ’n beskrywing wat amper vreemd op ons ore val. Hy reik daarna soos iemand na ’n kosbare besitting. Hy vind sy vreugde daarin. Hy wil vir ewig en altyd God se wet gehoorsaam en hy leef in die wye ruimte wat God se wet vir hom skep en waar hy weet hy veilig sal wees.

Hoe kom dit dat die digter so voel oor God se Woord? In vers 41 smeek hy dat God se troue liefde en verlossing sy deel sal word – beloftes waarvan hy hoor in die Woord. Hy is so oortuig van daardie beloftes dat dit ’n antwoord is vir die spotter wat vra: “Waar is jou God?”, ’n betroubare woord wat hy met ander kan deel en waaroor hy selfs nie skaam is om voor (ongelowige?) konings of mense van aansien te praat nie.

Wat vir die digter nog net in die voortuitsig was, is vir ons ’n sekerheid. God se troue liefde (verbondsliefde) en verlossing het vir ons ’n vaste sekerheid geword in Jesus Christus. Hoe kan ons dan anders as om vol te wees van verwondering en liefde vir God se Woord waarin ons hierdie waarheid leer ken? Hoe kan ons anders as om so vol te wees daarvan dat ons oorloop sodat ander ook kan hoor? Waarvan is jou hart vol?

Sing: Psalm 119-1:13, 14

Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)